**Reeks:** Om Saam met God te Werk
**Titel:** Maak ons Een
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 13 Februarie 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Het jy al ooit verlang na iets, gesoek na iets, en nie presies geweet waarna dit is wat jy verlang nie totdat jy dit gekry het en dan gesê het, aha, dit is presies wat ek gesoek het, of dalk 'n behoefte aan iets wat jy nie geweet het nie? Gewoonlik is dit een van die ontdekkings wat in terapie gebeur. Ek het nooit gedink dit is wat ek regtig nodig het nie. Ek sit eenkeer en kuier met iemand en na 'n harde dag se werk bestel ons iets om te drink, en toe hy begin om sy drankie te drink toe sê hy dit is presies waarna ek gesoek het.

As jy die woorde van Jesus lees dink ek jy gaan ook so 'n ervaring kry. Hy praat oor goed waaroor ons nie normaalweg praat of dink nie. In een van hierdie gebede dink ek sê Hy vir ons wat ons regtig nodig het en waarna ons diep in ons binneste na toe verlang. Aan die einde van Sy lewe, net voor Sy kruisiging, bid hy Vader, dat hulle een sal wees met U, met mekaar, soos wat Ek een is met U, dat hulle een sal wees met U, met mekaar soos wat ons een is met mekaar.

Ek dink daar is aanduidings daarvan binne in ons, dat ons verlang na hierdie eenheid. Jy weet, ons ervaar in onsself baiekeer 'n verskeurdheid, 'n gebrokenheid in verskillende dimensies, ons persoonsfunksies. Ek sit baiekeer met emosies wat vir my baie onaangenaam is, denke wat vasgevang is in 'n negatiwiteit, en diep in my, my wil sê vir my maar ek wil nie so wees nie. Ek wil iets anderster wees. Ek wil iets anderster dink. Ek wil anderster voel. Ek sê vir jou, my wil trek die kant toe; my emosies trek hierdie kant toe. Daar is nie eenheid nie.

Ons ervaar dit partykeer fisies. Ek hou nie van my liggaam nie. Skielik is daar 'n skeiding tussen ek en my liggaam. Ek is nie meer in my liggaam nie. Ek hou nie van my liggaam nie. Ek hou nie van my lewe nie. Ek hou nie van wie ek is nie. Ek hou nie van... saam met wie ek is nie. Ek hou nie van waar ek bly nie. Ek... ek is nie een met ander nie, met my omgewing nie.

Ek ry fiets saam met 'n buddy wat dit geen geheim gemaak het nie dat hy glad nie 'n Christen is nie en niks van Christene hou nie. Toe ek vir hom vra, nou, vertel nou my meer daarvan, hoekom nie, toe sê hy, man, Christene is tweegesigte. Ek sê kan ek... kan jy vir my meer verduidelik? Wat... wat bedoel jy daar by tweegesigte? Man, hulle sê een ding en dan doen hulle 'n ander ding. Hulle hou hierdie goed voor, nê. Hulle sê dit is belangrik, dit is hoe 'n mens moet wees, dis hoe jy moet lewe, en dan, tussentyd as hulle alleen is in die donker, dan doen hulle presies die teenoorgestelde goed.

Ek sê vir hom nou moet jy my help. Nou moet jy my help. Daar is twee goed. Met ander woorde jy sê wat vir jou van waarde is, jou waardes, moet ooreenstem met wat jy... met wat jy doen? Wat jy voel belangrik is, wat jy sê belangrik is, moet ooreenstem met wat jy doen? Absoluut. So mens moet een gesig hê? Absoluut, 'n mens moet een gesig hê.

Ek het vir jou twee vrae. Waar kom jy aan hierdie idee dat 'n ou... wie het vir jou gesê dit moet so wees? Um, dadelik sê hy dis nie my opvoeding nie want my pa was juis een van daardie Christene gewees; groot in die kerk maar by die huis was hy 'n duiwel gewees, so dis nie uit my opvoeding nie. Ek sê vir hom maar waar kom dit vandaan? Nee, ek... ek het net so 'n gevoel dis reg en dit is hoe die lewe werk, en dit is hoe dit hoe dit behoort te wees. Dit is wat integriteit is, wat jy sê wat jy van waarde ag en wat jy doen kom ooreen. Daar is nie gapings in jou lewe nie. Jy is een. Okay, ek het vir jou nog 'n vraag. Is jy heeltemal een? Hy bly so 'n rukkie stil. Hy sê dis nie die punt nie. Ek is nie een nie, maar ek maak nie of ek een is nie.

Weet jy, en toe ek met hom praat toe kon ek nie anderster as om net te dink aan die Shema nie, die groot hoeksteen van die Joodse geloof, Deuteronomium 6:4 wat sê hoor, o Israel, die Here julle God is een, en ek het net so 'n diep suspisie in my dat my vriend se verlange na eenheid dalk 'n diep verlange in hom is wat hy nie lekker verstaan nie, en dat dit dalk net 'n verlange is na God, want dit is hoe God is, en sonder enige rede, sonder enige iets is daar iets in ons wat net smag dat my lewe sal een wees, dat ek sal een wees, dat ek een met God sal wees, dat ek een met alles sal wees, dat ek soos Jesus sal wees en soos Jesus sal lewe.

Hy kom en dan bid Hy in Johannes 17, dan sê Hy ek en U is een, en as daar nou iets is wat jy telkens in die Evangelie sal oplees dan is dit dat Jesus met hierdie bewussyn geleef het dat Hy een is met God, en nou bid Hy dat ons daardie selfde eenheid sal ervaar, en die Nuwe Testament praat op baie verskillende maniere op hierdie eenheid. Hy praat daarvan dat die Heilige Gees binne in ons is, dan praat Hy weer van dat ons in die Gees is. Hy

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

praat daarvan dat ons in Christus is. Hy praat daarvan dat Christus nou in ons is. Begrippe en woorde soos die ou Hebreeuse woord jada en die Griekse ginosko is om te ken. Nou daardie woordjie ken beteken nie kennisname nie.

Toe Adam en Eva man en vrou word en saam slaap toe sê die Bybel hulle het mekaar gaan ken; hulle het een geword. Nou, dis die woord dat ons moet God ken. Dis begrippe, konsepte wat daar in die Nuwe Testament is, en Jesus bid daarvoor. Nou, hierdie gebed is nie soseer dat ons is daar en God is hier en nou moet ons bymekaarkom nie, maar dat ons hierdie bewussyn sal ontwikkel, dat ons meer as die wete sal... kognitiewe wete en oortuiging sal hê, maar die bewussyn dat ons een is met God.

Nou, as jy 'n goeie Afrikaner is dan staan jou hare nou regop en dan sê jy no way. Ek weet nie hoe jy grootgeword het nie, maar ek onthou duidelik hoe ek telkemale... daar klem gelê was op die feit dat ek sleg is, dat ek 'n sondaar is, en dat God groot en soewerein en vêr is, en dan kan jy daardie idees mos nou nie uitbring by een te wees met God nie.

Jy weet, ek onthou hoe ek in die klas gesit het en 'n professor vir ons vertel het hoe groot en soewerein, en in die teologiese terminologie praat hy van die transendensie, dat God transendent is. Ek vra hom maar wat van die skrifte wat sê dat God in ons is en dat God verskriklik naby is. Hy was ongelooflik onsteld. Dis die enigste en die eerste keer wat ek hom kwaad gesien het. Hy het geslaan op die lessenaar, hy het gesê God is soewerein en God is groot en God is vêr bo alles.

Jy kan nie eers na God kyk nie dan sterf jy, sê die Bybel, wat nog te sê van aan God raak of naby aan God kom of een word met God, so hy het klem gelê op daardie aspek. Die immanensie het nie plek gehad in sy denke nie, die nabyheid, die teenwoordigheid, dat God hier binne in jou is, so in baie van ons se opvoeding en denke, en natuurlik is dit nie die een of die ander nie; dis albei, maar in baie van ons se grootword het hierdie een aspek van God se wese verlore gegaan, en daarna is daar die ander probleem.

Baie van ons het grootgeword met die idee dat God 'n objek is, jy weet, Hy is soos 'n vader. Hy is 'n persoon. Hy is 'n... Hy is 'n... en Hy is... terwyl alle teoloë in die wêreld sê maar God is anders. Eintlik kan ons net sê dat God 'n misterie is. Dit beteken God is onverklaarbaar, onverstaanbaar, en misterie beteken nie ek weet niks nie, maar ek weet baie min. 'n Misterie beteken ook ek kan dit ervaar maar ek kan dit nie beskryf nie. Ek weet nie presies wat dit is nie, maar dis real, dis eg, en dit is hoe God is.

God is nie 'n objek nie. God is die misterie van realiteit, van alles wat bestaan. Hy is in alles. Hy word nie opgeneem deur alles nie, maar daar kan niks wees as daar nie God is nie. Alles wat daar is het deur hom tot stand gekom, word nou in hom in stand gehou, leer die skrifte ons.

Nou, dit is iets wat vir ons te groot is, maar ons kan... ons weet net dat, ons weet nie wat nie. Ons kan dit nie presies verklaar en verskyn [?] nie, en die belangrikste ding vandag dink ek is nie soseer wat jy alles weet van God nie, maar of jy in die misterie van God leef, of God vir jou real is. Is God 'n realiteit vir jou? Dis groter, dis belangriker as al die feite wat jy kan weet van God, en dis moontlik dat jy met daardie misterie kan leef en opgeneem word in daardie misterie.

Kyk, dit was verskriklik belangrik vir Paulus. Toe Paulus groot probleme in die gemeente kry; daar is relasionele probleme. Ouens baklei met mekaar. Daar is emosies. Daar is emosies van bitterheid en woede wat in die gemeenskap is waarin hy leef. Daar is seksuele immoraliteit wat besig is om plaas te vind. Raai wat... waarheen vat Paulus hulle en wat sê Paulus vir hulle dit is wat ek dink julle nou die nodigste het.

Paulus skryf en vat hulle dan uiteindelik, en sê nie vir hulle weet julle nie wat sê die wet nie. Die wet sê jy mag nie egbreek nie. Die wet sê eer jou vader en jou... is dit wat Paulus... Paulus vat hulle nie wet toe nie. Paulus vat hulle ook nie en probeer hulle skuldig laat voel oor wat hulle doen en sê vir hulle besef julle hoe verkeerd dit is, God gaan julle straf. Julle gaan hel toe as julle hierdie goed doen. Hy doen dit nie. Hy gee nie vir hulle nuwe kennis... wat doen Paulus? Paulus vat hulle en hy sê vir hulle hy wat die Here aanhang is een gees met hom, 1 Korintiërs 6:17. Dan sê hy in vers 19, weet julle nie dat julle liggame 'n tempel is van die Heilige Gees en dat God in julle woon nie.

Dis 'n interessante woord in Grieks wat hy gebruik vir tempel. Daar is 'n paar woorde vir tempel in Grieks, en een van die woorde... hierdie woord wat hier gebruik word is die woord wat dikwels gebruik word om te verwys na die allerheiligste gedeelte in die tempel, die gedeelte waar die ark was, waar God fisies teenwoordig was. Hy sê weet julle nie, weet julle... nou julle... u moet weet vandag, bewussyn is 'n nuwe konsep, 'n nuwe idee wat nie eers 100

jaar oud is nie, en ek dink wat Paulus sal sê is nie kom ek gee vir julle 'n stukkie interessante intellektuele insig en kennis dan gaan jou lewe verander nie.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ons weet vandag jou lewe transformeer nie deur blote inligting nie. Inligting is nie gelyk aan transfromasie nie. Informasie is nie transfromasie nie, maar as daar 'n skuif in jou bewussyn kan plaasvind kan jy transformeer, en wat Paulus hier doen, en ek sien hom elke keer in my geestesoog waar hy die Korintiërs so [onduidelik] as jy sê weet jy nie. Is jy nie bewus daarvan nie?

Ontwikkel hierdie bewussyn in jou lewe dat God in jou is, dat Hy nader aan jouself is as wat jy in jou is. Hy wat die Here aanhang is een gees met hom. Dis 'n misterie. Dis iets wat jy nie volkome kan begryp, verstaan, verklaar of uitlê nie, maar dis iets wat jy kan beleef. Dis 'n bewussyn waarmee jy kan omgaan, en dit is vir my... dis vir my aangrypend.

Dit is asof hy sê dis hoe die verandering en die transfromasie in jou lewe gaan plaasvind. Dis skuiwe in jou bewussyn. Ek dink baie van ons het 'n spiritualiteit van kennis. Ek wil net informasie hê. Wat sê die Bybel, wat sê die Bybel, en niks verander nie. Jy raak... jy raak net... Paulus sê die kennis maak opgeblase. Jy raak net opgeblase. Jy raak net groot. Ai, daardie ouens weet niks nie, man. Ek weet dit, maar wat help dit?

Ander van ons 'n geweldige skuldoriëntasie. Dis die heeltyd het jy dit al... hoekom doen jy dit nie, so skuld moet my motiveer, maar skuld verander jou ook nie en transformeer jou ook nie. Dit kweek 'n swak selfbeeld wat baie van ons dink baie geestelik is. Jy weet, ag, kom sing vir ons. Ag nee, ek kan nie sing nie. Intussen het jy drie CDs gemaak en hulle verkoop. Ek kan nie sing nie. Dis... dis 'n swak selfbeeld. Dis lieg. Dis nie nederigheid nie. Dis... en baie van ons dink dit is spiritualiteit.

Party van ons dink dis om die heeltyd te ontmoet, heeltyd die salwing te ervaar, so diep is spiritualiteit dat die gees oor jou kom, dan gaan jy transformeer, so ek lewe van ontmoeting na ontmoeting na ontmoeting toe, en dit transformeer ook nie. Vir 'n oomblik, maar dit transformeer nie. Dis 'n skuif in die bewussyn. Dis nie wilskrag nie. Dis nie vrees nie. Dis nie informasie nie. Dis 'n skuif in 'n bewussyn wat die transformasie in jou lewe bring.

Paulus praat nie eers verder daaroor nie. Hy sê al wat julle... dis net dit. Kom by dit uit en kom by daardie plek uit. Jy transformeer, jy skuif wanneer jy hierdie misterie ervaar. Dit is... dit is... dis... ek wil... dis meer... dis die ultimate vriendskap. Dis om te groei in jou vriendskap met God waar jy nie net verwant is nie, waar jy nie net ontmoet nie, waar daar nie net 'n vriendskap is nie, maar waar daar 'n troue kom, waar daar 'n eenheid kom tussen jou en God, en vroeg in die kerk is hierdie droom gebore oor die spiritual journey, dat dit is waaroor dit gaan, dat ons op hierdie reis is, nou, om een te word met God en om met hierdie bewussyn te leef.

Jy weet, wanneer jy hierdie bewussyn kry, dink net aan die effek daarvan. Dis... wat is die effek van die belewenis van misterie? Dis awe, dis verwondering. 'n Klein... ek onthou die eerste keer wat Remon... en nou eet ons eiers by die huis, en die eerste keer sien hy 'n kuikentjie deur 'n eier breek. Wat was daardie reaksie? No way! Dis magic! Waar kom dit vandaan? Jy verduidelik... ek kan self nie eers mooi vir hom verduidelik. Ek verstaan nie die biologiese samestelling van eierwit en geel en hoe daardie proses is nie. Al wat ek ook weet; dit is hoe dit gebeur. Dit is wat plaasvind. Verwondering, verby beelde, verby denke. Wow, daar is magic in die lewe. Kyk net daarna. Daardie diepe bewuswording, God is nie vyandig nie.

God is nie vyandig ingestel teenoor jou nie. Hy het een geword met jou. Hy... jy is nie alleen nie. Jy is nie alleen nie. Die misterie van realiteit werk vir jou. Die skepping, die heelal is 'n vriendelike plek. Dis nie 'n vyandige plek nie. Dis vriendelik. Dit werk saam met my. Ek werk saam met dit in my lewe. O, jy weet, vrees, daardie bewustheid. Waar is die plek vir vrees as ek weet, maar Hy is met my? Gaan Hy nou saam met my omkom, saam met my ten gronde gaan, saam met my tot niet gaan? Ek is een met Hom.

Dis 'n heel ander lewe wat tot stand kom as die bewussyn skuif, maar Jesus het nie net 'n bewussyn gehad dat Hy een was met die Vader nie. Hy het ook 'n bewussyn gehad dat hy een was met sy dissipels, met die mensdom. Jy weet, hy het 'n diepe identifikasie ondergaan met ander mense.

Jy weet, toe Saul die kerk vervolg, Paulus, toe stop hy hom, toe sê hy vir hom, Saul, waarom vervolg jy my. Jesus het so geidentifiseer met sy kerk dat hy sê nou vat jy aan my as jy aan die kerk vat. Jy weet, dit laat my dink aan 'n ma. Ek maak 'n grappie by 'n ma se kind en ek sê ai, hierdie ou seuntjie is maar so bietjie uitgedaag, nê, en mens sal dink ek het dit aan die ma gedoen. Die ma sê wat bedoel jy. Ek sê ekskuus; dis net 'n grappie. Moenie op die kinders pik as hulle nie kan terugfight nie. Ek het net ietsie van jou kind gesê, nie van jou nie, maar as jy aan die kind vat dan vat jy aan die ma. Dis daardie identifikasie.

© Mosaiek

Jesus sê as jy dit aan die geringstes gedoen het van my dan het jy dit aan my gedoen; dan vat jy aan my. Jy weet, nou, mens kan teologies oor dit dink, jy kan biologies oor dit dink. Daar is 'n diepe verbondenheid en 'n eenheid wat daar bestaan met ander mense.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Teologies, die Bybel sê in Handelinge 17:26 dat die hele wêreld is uit een bloed geskape. Dr Vriend [?] vertel vir my dat jy vandag jou DNA kan... kan navors en kyk hoe die spoor deur die hele wêreld geloop het van jou DNA, en die interessantste ding is dit word vandag teruggebring na Origins toe, nê, hier waar miesies Ples gebore is, hier in die Cradle of Humankind. DNA. Homo Sapiens is een spesie.

Die Bybel sê uit een bloed uit is ons geskape. Ons kom van een man en vrou, Adam en Eva, af, en natuurlik meeste van die tyd word dit metafories verstaan, maar... maar hier is... hier is 'n eenheid. Die Bybelse konsep van ons is almal een. Jesus se ons is... Paulus sê ons is sy vlees en sy bene. Ons is totaal, ons is een liggaam sê hy, en ons is Jesus se liggaam. Ons is heeltemal een met Jesus en ons is heeltemal een met mekaar. Misties. 'n Mistiese waarheid, en dit is ons... maar biologies gesproke.

Jy kom uit ander... jy is hier as gevolg van twee mense wat bymekaar gekom het. 'n Eiersel en 'n spermsel het bymekaargekom, 'n fetus is gevorm en jy is gebore, en weet jy, dis waar hulle ook vandaan kom. Ons is almal uit mekaar uit en ons is een spesie. Ons is een.

Nou, ons het... in die wêreld waarin ons leef is ons gekondisioneer. Ons beleef dit nie. Ons voel nie so nie. Ons dink nie so nie. Ons beleef afhanklik, los van mekaar. Dis baie soos die belewenis wat Adam gehad het na die sondeval. Voor dit was alles een. Hy was een, sy vrou het uit hom uit gekom, Eva, en op 'n sekere manier was hulle een gewees. Hy was altyd die... jy weet, hy... as hy na haar kyk dan sien hy sy spieëlbeeld, as hy na haar kyk. Hulle is een met God. Hulle praat met God. Hulle is een met die natuur. Die natuur is vriendelik, hy gee. Skielik kom die breuk en daar is 'n seperation.

Daar is 'n skeiding wat plaasvind, en die hele belewenis is elke ou vir homself. Nuwe emosies, nuwe goed kom nou skielik tot stand, maar dis nie hoe dit is nie. Dis hoe dit lyk, dis hoe ons dink, dis hoe ons voel, maar dis asof Jesus sê Ek het die weg kom wys. Ek leef 'n ander lewe en ek bid vir julle dat julle anderster sal kyk, anderster wil... dat julle ook in 'n ander tipe lewe sal ingaan.

Nou, op die kleinste skaal prakties, ekspedensieël [?], kan ons dit baiekeer ervaar as ons trou, nê, en wat sê die Bybel, wat gebeur? Twee word een. Daar is 'n eenheid wat kom. Daar is 'n vat aan my... en dan is daar kinders, en dan vat aan hulle dan vat jy aan my. Daar is 'n eenheidsgevoel.

Dan, party van... party van ons se eenheidsbelewenis en ervaring is bietjie groter. Ons kan dit ook na die geloofsfamilie toe vat, nie net my eie bloedfamilie nie. Daar kan ek iets beleef van... jy weet, die Bybel praat van die eerste kerk wat een van sin en een van siel en een van hart en een van gees was, 'n diep eenheid. Hulle deel besittings. Hulle... hulle... hulle... wat met jou gebeur gebeur met my. Ek lag saam met die wat lag. Ek huil saam met die wat huil.

Dis 'n diep identifikasie en 'n eenheidbelewenis en 'n gevoel met ander mense wat daarby staan, maar die wet, Lukas 17, 18, roep ons op, en hy sê jou naaste; jy moet jou naaste liefhê, en jy moet hierdie eenheid beleef, en kyk ook na jou naaste, en dan vat hy... in vers 34 vat hy dit verder en dan sê hy ook die vreemdeling.

Jo, en kyk, dit was 'n groot diskussie; wie is jou naaste, en toe Jesus kom toe vertel hy hierdie gelykenis van hom om te sê, man, dit kan die ou wees... dis net die ou wat die naaste aan jou verbykom. Hy kan van 'n ander geloof wees. Hy kan van 'n ander kultuur wees. Hy... hy.. hy kan... hy is... hy is jou naaste, maar dan kom Jesus natuurlik en dan maak hy hierdie sirkel so groot, en dan sê hy, jou vyande.

Jo, dit is... dis net met die mensdom... 'n bewussyn om een te wees met die mensdom. Eenheid en mensheid en menswees, met dit te kan leef. Ek weet nie hoe voel jy... as jy... jy weet, party van ons se uitdaging is so groot ons het nie eers eenheid met enige iemand nie. Ons weet nie wat dit is nie. Ons is afgesny van onsself, heeltemal afgesny. Ons is afgesny van God. Ons is afgesny van mekaar. Ons is afgesny van die natuur en van die skepping en van die heelal af. Ons lewe in daardie totale isolasie en eensaamheid.

Dis groot. Dis 'n lang pad. Dis deel van hierdie journey waarop ons is om die sirkel verder te vat, groter te vat, en te gaan met hom, diep met mense, met die gesin, met die familie van die Here, maar verder. My buurman, my... die ander, my werk, die ouens by die... verder, verder te gaan met hom. Dit is die roepe, en dit is natuurlik wanneer hierdie eenheidsbewussyn tot stand kom in 'n mens is 'n ander mense se lewe real. Hy is baie eg vir jou.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Kyk, in die wêreld waarin ons vandag lewe is iemand anderster se lewe nie real nie. Al wat vir my eg is is my wêreld, is my lewe. Dis my pyn. Ek het vir 'n oomblik simpatie. Ai shame, dis darem maar bad. As dit darem maar met my moet gebeur. Dis darem maar bad, nê, maar dit raak my nie. Ek gaan normaal aan met my lewe. Dis 'n oomblik se slegte gevoeltjie en ek gaan aan, maar wanneer die eenheidsgevoel daar is dan word... dis die uitvloeisel daarvan is innige meegevoel.

Dis waarmee Jesus geleef het, nê, en dis asof Jesus vir ons sê dis 'n beter manier van lewe, is om op daardie manier te lewe, en partykeer, dit is so oorweldigend, dit is so groot, dit is so erg dat baie van ons wil dit net nie face nie. Ons wil net nie soontoe gaan nie. Ons... ons... ons neem emosionele narkose om te survive net in hierdie wêreld want dis so erg en so rof hier rondom ons.

Ek onthou toe ek eenkeer 'n gesin nooi en sê kom saam met ons plakkerskamp toe. Hulle was nog nooit in 'n plakkerskamp nie, nog nooit nie. Hier gebore in Suid-Afrika, bly... ry verby die plakkerskamp elke dag, was nog nooit... nee, dis gevaarlik. Okay, ek waarborg jou veiligheid. Dit is daar net so gevaarlik as wat die hier is. Kom ons gaan soontoe. Ek wil vir u sê as jy daar bly en loop dan dink ek baiekeer dit is veiliger daar as wat dit baiekeer by ons is, jy weet. In elk geval, ons... sy sê nee, sy kan nie. Hoekom nie? Ek kan nie die lyding en die pyn en die armoede vat nie, so die beste manier is sny jouself af daarvan. Jesus sê innige meegevoel.

Kyk, die probleem is... die goeie ding is jy gaan nie sleg voel nie. Die bad deel is jy gaan ook nie bly wees nie. Jy gaan narkose kry. Jy gaan net so 'n flatliner word, grys. Die lewe gaan sy kleur verloor, en die lewe waarnatoe Jesus ons uitnooi is om te sê kom leef met innige meegevoel. Jy word 'n mens vir my. Ek beleef jou as iemand wat ook voel, wat ook dink, wat ook pyn het, wat ook begeertes het, wat ook met verlange word, en dit is baie real vir my.

Jy is nie meer net 'n dit nie. Jy is nie net 'n objek vir my nie, want dit is wat gebeur. As ons afgesny word van mekaar dan word dit nie meer 'n ek / jy verhouding nie; dan word dit 'n ek / dit verhouding, en hoeveel huwelike is nie net 'n ek / dit nie? Jy moet vir my dit gee. Jy moet vir my... as jy nie dit vir my gee nie, sorry, dan werk hierdie ding nie meer nie. Ons maak 'n kontrak. Ons trek 'n deal op. Jy gee vir my dit, ek... dis 'n dit... ek / dit verhouding.

Dis dehumanising. Dit maak die siel dood, en dis hoekom jy nie in so 'n verhouding kan leef nie. Die hoekom jy nie partykeer woorde kan kry nie en 'n mens sê net ek gaan nie langer met dit aan nie. Ek moet uit dit uitklim, maar die ek word 'n jy, en dis... then the eye becomes a vow sê Martin Bulgerin [?]. Dis 'n diep, ander dimensie van connection, van lewe. Die lewe vloei en die lewe bruis deur jou are en jy kan sê ek kan maar doodgaan want ek weet wat dit is om te lewe.

Hoe kom ek by so 'n lewe uit? Hoe kan 'n bewussyn skuif? Deur gebed. Jesus bid daarvoor. Dit is hoe dit gebeur, en dis die lewe waarnatoe ons uitgenooi word, om eenkant te kom volgens Jesus se lewe, eenkant te kom, om 'n ritme, 'n daaglikse ritme te ontwikkel en dan ook 'n weeklikse ritme, maar ook om te kyk na jou jaar en te sê maar ek wil langer periodes, tye, en dis deel waarvoor Origins gaan, dat jy daardie tyd om net diep in te sink, daardie dissipline te beoefen, te sit, te wag, te bid, en uit te vind en te sê hoe skuif dit, en dit is iets wat met jou gebeur.

Baiekeer as jy terugkom van die retreat af dan vind jy uit wat het met my gebeur, dinge lyk so anders, en ek kan nou nie 'n... baie van ons het nie 'n hoë emosionele of 'n geweldige ingrypende belewenis noodwendig nie, maar so stadig, diep in jou sonder dat jy dit weet vind hierdie subtiele skuiwe in die bewussyn plaas en jy transformeer, jy verander. Kom ons bid saam.

Vader, baie dankie vir U Woord wat U vir ons gee, U Woord wat 'n lig is vir ons pad. Dankie Here dat U ons oë oopmaak om te kan sien, om te kan begryp, iets van die lewe waartoe ons geroep is, en vanmôre hoop ek so, vra ek so dat U ons oë sal oopmaak om net iets te begryp van dit wat U vir ons wil hê, van dit wat U voel ons het baie, baie nodig. Dis miskien nie iets wat op ons agenda is nie, dis nie iets waaroor ons praat nie, dis nie iets waarvoor ons bid nie, dis nie iets waarvoor ons verlang, bewustelik, nie, maar dalk diep hier in ons is dit net 'n diep verlange in ons om hierdie eenheid te kan hê en met hierdie eenheid te kan leef.

Help ons. Help ons. Skep vanmôre honger in ons. Help ons nie net om onder 'n kraan af te droog wat drup nie. Ons probeer soveel goed in ons lewens bybring wat ons dink ons het nodig terwyl ons dalk na 'n diep wortel toe moet gaan van eenheid waarin ons soveel sal vind en soveel sal kry. Help ons vanmôre. Maak ons een. In die naam van Jesus. Amen.

Mag jy in hierdie week wat voorlê daardie wonderlike gemeenskap met die Heilige Gees ervaar wat in jou is. Amen.

© Mosaiek